# <u>*ELJADA HUIS MSW*</u>

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK
Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont.
T- 012 377 0503 / S-0728558289
eljadahuis@mweb.co.za
www.eljadahuis.weebly.co.za
Standard Bank Spaar
Rek no: 044396058/Bank Kode: 051001

11 Oktober 2012
Dagsê Almal
"Prys die Here" sing ons hier by die Eljada Huis oor Jofri se herstel by Kuriake. Hy begin vandag met sy eerste proefloop met werk en indien dit goed gaan kan hy dalk permanent aangestel word. Bid asb vir hom om staande te bly in hierdie geloofspad waarop hy nou is. Wanneer mens met hom praat straal die lig van sy bekering uit hom en ek kry hoendervleis wanneer hy rustig begin gesels oor sy nuwe pad. Hy vra sy ma vir vergewing vir dit wat hy aan haar gedoen het en dit word werklik met opregtheid gedoen. Die Here se genade is onbeskryflik groot en goed vir ons.
Die bouplanne vir die stoorplek by die huis is geteken en ons het geskatte waardes vir die bouwerk gekry. Ons eerste prioriteit is die stoorkamer,eet/ontspannings /werk area en afdak vir voertuie en dit gaan ongeveer R150 000 kos. Almal wat reeds by die huis was sal weet hoe gefrustreerd ek is met die gebrek aan stoor en werkruimte. Die mense het ook nie 'n eetvertrek nie want die kombuis is 'n werkstasie en almal eet op hul skote buite. Indien hierdie gedeelte klaar is wil ons ook aan die Westekant werkspasie skep. Dit sal my bemagtig om meer mense en meer aksies op die perseel te bedryf. Dit sal die tweede prioriteit wees en gaan ongeveer R120 000 kos. Later wil ons dan die stoep voor ook groter maak om die opleidingslokaal te vergroot. Ons is tans besig met informele opleiding van tuisversorgers en die spasie perk ons in vir die hoeveelheid belangstelling. Ons het nog nie kosteberaming vir die stoepdeel gekry nie.
Met bogenoemde in gedagte vra ek groot asseblief dat 'n boukontrakteur/s by my 'n draai maak om vir my advies te gee oor die res van die huis wat ook aandag moet kry. Die geute is verroes, die buitemure se verf moet verwyder word, krake toegesmeer word en algemene herstelwerk moet ook gedoen word. HELP asseblief.
Die huis sluit in Desember vir 4 weke en ek vra maar vroegtydig of 'n gemeente een gesin sal kan versorg met kos vir die maand. Ek sal die besonderhede volgende week plaas. Baie dankie by voorbaat.
14 Desemeber is ons afsluiting en ek gaan weer soos verlede jaar 'n lekker pretdag hou en dan vir elkeen 'n geskenkie gee asook 'n ete/braai. Indien iemand my daarmee wil help sal ek bly wees.
Ons huis het tans 'n groot tekort aan margarine.

.
Baie dankie by voorbaat.

Eljada Huis groete
Annatjie